**3 APRIL** **SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: LUKAS 9:18-22**
**HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 12:31**

## Petrus bely Jesus is die Gesalfde van God

Wie is Jesus vir my? Is Hy vir my iemand wat belangrik is, ’n goeie voorbeeld, ’n interessante historiese figuur? Of glo ek regtig dat Hy die Gesalfde van God, die Christus is? As jy nie mooi weet wat dit beteken om Jesus te bely as die Christus nie, gaan lees gerus dit wat ons bely in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 12, vraag en antwoord 31. Dit is die vraag waarmee ons gekonfronteer word in Lukas 9:18-21.

Die dissipels, wat nou al vir meer as twee keer getuies was van dit wat Jesus gedoen en gesê het, word tot verantwoording geroep: “Maar julle, wie sê julle is Ek?” Dit is Petrus wat deur die krag van die Heilige Gees (vergelyk Matt. 16:17), namens al die dissipels, duidelik bely en antwoord (vs. 20): “Die Gesalfde van God.” Die volle inhoud van dit wat hulle hier bely, het hulle nog nie besef nie. As Jesus vir hulle verduidelik dat Hy as die Gesalfde van God moet sterf en dat Hy uit die dood sal opstaan (vs. 22), verstaan hulle dit nie dadelik nie (vergelyk Matt. 16:22-23). Hulle verstaan dit eers ten volle ná sy kruisdood en opstanding. Onder leiding van die Heilige Gees is hulle egter bereid om standpunt in te neem. Anders as die skare mense wat Jesus afmaak as net nog ’n profeet, is hulle bereid om te sê: U is die gesalfde van God!

Dit is belangrik om deel te wees van ’n gemeente en ’n kerkverband wat gebou is op hierdie belydenis. Maar dit is net so belangrik om persoonlik daarop te antwoord as Jesus vir jou vra: Jy, wie sê jy is Ek? Dit is Jesus se vraag vir jou vandag. Bid vir die krag van die Heilige Gees om saam met Petrus en die dissipels van harte teenoor Jesus te bely: U is die Gesalfde van God!

*Ds Thomas Dreyer (Vryheid)*